Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 22 Februarie 1950 Prys 3d. No. 14

# GENL. HERTZOG HET GEEN VERWATERDE REPUBLIEK VOOR SY DOOD BEPLEIT

**By geleentheid van 'n vergadering op die Paarl verlede Saterdag het dr. D. F. Malan hom weereens oor die republikeinse ideaal uitgelaat. Sy toespraak het egter getoon dat die leier van die H.N.P. nog geen duidelike opvatting het omtrent die republikeinse begeertes van die volk nie. Hy het naamlik die stelling neergelê dat daar nog net een stap is na 'n republiek, en dit is om die goewerneur-generaal deur die volk te laat kies, in plaas van deur die kabinet, en hom dan „president" te noem. Hierdie opvatting van 'n republiek baseer hy op 'n dertigjaar-oue uitlating van wyle genl. Hertzog — 'n uitlating wat reeds vir 'n hele aantal jare toegeval lê onder die jongste en laaste stelling van die gevierde Afrikanerleier, naamlik dat die Afrikanerdom twee doodsvyande het, nl. die Britse konneksie en die Britse parlementêre stelsel wat na die oorlog opgeruim moes word.**

Dr. Malan het aanvanklik terug verwys na die groot vordering wat daar op nasionale gebied gemaak is, sodat genl. **Hertzog feitlik alles verkry het waaromtrent daar in 1919 tussen hom en genl. Smuts verskil van mening bestaan het.** Voortgaande het dr. Malan die opposisie verwyt dat hulle die indruk probeer skep dat genl. Hertzog 'n sap sou gewees het indien hy vandag gelewe het. **Dit is 'n oneer wat sy nagedagtenis aangedoen word wat ons nie mag duld nie,** aldus dr. Malan. Spr. het verwys na 'n brief wat genl. Hertzog dertig jaar gelede aan hom geskryf het in verband met die Kaaplandse Nasionale Party se program van beginsels. Genl. Hertzog het geskryf dat die party ten opsigte van die goewerneur-generaal nie ver genoeg gaan nie. Die goewerneur-generaal moenie aangestel word nie, maar deur die volk gekies word, aldus genl. Hertzog in sy brief.

### AL STAP

Dr. Malan het hierop laat volg dat dit sou beteken dat die goewerneur-generaal dan 'n verteenwoordiger van die volk sou wees en nie van die koning nie, en dan is sy naam ook nie meer van toepassing nie, en word hy 'n president.

**„As Suid-Afrika 'n republiek wil word, is nog net die een stap nodig," het dr. Malan beklemtoon, en daarmee duidelik getoon dat hy die republikeinse ideaal blywend verwater het sedert sy besoek aan Londen.**

### ONEER

Die vraag kan gestel word of **genl. Hertzog se gedagtenis nie eweveel oneer aangedoen word deur 'n dertigerjarige uitlating van hom aan die volk voor te hou, terwyl sy allerjongste verklarings 'n heeltemal ander standpunt verkondig nie. Wat sou dr. Malan sê as sy uitlatings oor 'n republiek van selfs jonger as dertig jaar vandag aangehaal word as sy beleid? Dit sal deur hom en sy pers beskou word as 'n „beklading" van sy persoon.** Trouens, dit is presies wat gesê is toe van sy uitlatings oor hierdie saak 'n tien jaar gelede aangehaal is—hoewel sommige van hulle weliswaar heelwat minder vleiend was as die betrokke aanhaling uit genl. Hertzog se brief.

### KAN DIT WEET

Daar hoef nie gevra te word of genl. Hertzog vandag 'n Sap of 'n verwaterde republikein sou gewees het nie. **Genl. Hertzog se standpunt van kort voor sy dood is deeglik bekend in daardie kringe wat koerante gelees het waarin dit opgeneem was, en al het die Malan-pers dit indertyd verswyg, behoort dr. Malan nogtans kennis te dra daarvan.**

Dit sal Saterdag presies agt jaar gelede wees dat wyle genl. Hertzog sy groot boodskap aan sy volk die lig laat sien het. Dit is deur 'n deel van die Afrikaanse pers verswyg. **Daarin was geen tekens van 'n afgewaterde republiek nie. Genl. Hertzog het gesê wat die Ossewabrandag vandag nog sê, naamlik dat die Britse konneksie verbreek en die Britse parlementêre stelsel afgeskaf moet word. Dit was die rype gevolgtrekking waartoe hierdie groot Afrikaner gekom het aan die einde van sy lang en vrugbare loopbaan.**

### DOODSVYANDE

In daardie verklaring het Generaal gepraat van die „twee doodsvyande van die Afrikanerdom", te wete „die nooit versadigde poging—so oud as die aanvang van die Britse oorheersing in Suid-Afrika—om **deur die een of ander soort, of mate, van nouer vereniging met die Britse Empire die vryheid van die Afrikanerdom in Suid-Afrika in bande telê en aan die gesag van Groot-Brittanje te onderwerp"**, en die **„heersugtige partykamer uit eie volk op soek na eer en eie belang binne eie party."** Met verwysing na laasgenoemde het Generaal gesê: **„Die demokratiese parlementêre party is reeds lankal as deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart uitgedien."**

**Ná die oorlog, aldus genl. Hertzog, sal daar met hierdie twee doodsvyande afgereken moet word.**

### O.B.-BELEID

**Dit is ook bekend in O.B.-kringe hoe Generaal kort voor sy dood in sy eie handskrif die kernbeleid van die Ossewabrandwag geformuleer het wat 'n aanduiding gee van die stelsel waarmee die Britse parlementêre stelsel vervang moet word.**

**Waar dr. Malan nou 'n vergete uitlating van genl. Hertzog wil inroep om sy poging tot**

(Vervolg in kolom 1)

(Vervolg van kolom 5)

**afwatering van die vryheidsideaal te onderskraag, kan ons in die lig van bostaande bewyse van genl. Hertzog se juiste en laaste standpunt nie 'n sterk genoeg protes laat hoor nie. Die laaste roepstem van genl. Hertzog tot sy volk mag nie na sy dood nog verder in die vergetelheid afgedruk word nadat dit in sy lewe verswyg is nie. En om dit boonop nog te doen onder die skyn van hulde aan die Generaal, is, om die minste daarvan te sê, 'n partypolitieke vergryp aan die nagedagtenis van iemand wat deur die partypolitiek vermoor is.**

# Afrikaners Na Noord-Rhodesië

**'n Naturelle-afvaardiging het verlede week die ondersoek-kommissie insake die beheer van immigrasie in Noord-Rhodesië meegedeel dat hulle alle Afrikaners uit die gebied geweer wil hê tesame met Asiate. Immigrasie van Afrikaners, aldus die afvaardiging, sal slegte rasse-verhoudings meebring.**

**Mnr. R. P. Bush, sekretaris van naturellesake, het die afvaardiging gevra of hulle al gehoor het van die Nederduits Gereformeerde Kerk se sendingstasies in die gebied of van die uitstekende dienste wat deur Afrikaner-onderwysers en -sendelinge verrig is in die skool vir naturelle-blindes in die Fort Jameson-gebied.**

Die groot trek na Noord-Rhodesië duur onverpoosd voort, berig Die Volksgenoot. Gedurende 1949 is alle vorige rekords geslaan en die aantal immigrante uit die Unie oortref dié van ander lande. Gedurende 1949 het nl. 6,533 immigrante na Noord-Rhodesië gegaan — 1,017 meer as in 1948 en 1,915 meer as in 1947. Van hierdie getal immigrante is 304 Asiate, 198 blanke vreemdelinge en dertien Kleurlinge.

**Volgens die jongste statistiek is 53 persent van die getal immigrante van 1949 uit die Unie afkomstig teenoor 43 persent in 1949. Die persentasie immigrante uit Brittanje in 1947 was 28, terwyl dit in 1949 gedaal het tot 18.** Die getal immigrante uit Suid-Rhodesië beloop 1,106, terwyl slegs 289 van hulle daar gebore is.

Byna 1,000 immigrante het betrekkings op die kopermyne gekry; 559 het tot die staatsdiens toegetree; byna 400 is deur die nywerhede en handel geabsorbeer terwyl 207 hulle op die landbou gaan toelê het.

**Hierdie syfers toon onteenseglik dat die trek noordwaarts uit die Unie en Suid-Rhodesië toeneem.** Dit moet tot 'n groot mate toegeskryf word aan die goedkoop en uitmuntende landbougrond en die landboubedryf.

# „Brits" Kom Saam Met Die Wiel Weer Op

**Die Australiese liberale regeringsparty sal weer die woord „Britse" op die Australiese pasporte aanbring, nadat die vorige (Arbeids-)regering die woord laat wegval het. Die nuwe reëling sal met ingang 1 Julie in werking tree.**

**Hier het ons nog een van die talryke voorbeelde in die partystelsel dat 'n voorwaartse stap deur die een party gedoen word, om weer ongedaan gemaak te word deur die „alternatiewe regering" sodra hy aan bewind kom. In Australië het die opkoms van die „Alternatiewe regering", oftewel „opposisie", net agt jaar geduur. Selfs die eerste maatreëls wat deur die vorige regering ingevoer is, kon dus nie veel langer as sewe jaar in swang bly voordat die draai van die parlementêre wiel dit weer omver gegooi het nie.**

# *Sowjet-Hand In Goudmark?*

Verlede week (14 Februarie) het Sapa-Reuter as volg uit Parys berig:

„Die prys van goud het gister hier op die ope mark skerp gedaal. Goue ponde het sedert Sondag van 4,640 tot 4,400 Frank gedaal. **Pryse het in die afgelope weke 'n gestadige daling getoon.**

„Handelaars het die afwesigheid van Sjina as 'n goudkoper in die wêreld se ope mark en die feit dat die oppotting in Frankryk sy versadigingspunt bereik het, as die redes vir die daling van die prys aangegee".

Op 3 Februarie het Intelligence Digest berig:

**„Daar is getuienis dat Rusland, wat 'n geweldige groot goudprodusent is, van plan is om in die geheim goud op alle moontlike markte dwarsdeur die wêreld te verkoop ten einde die prys omlaag te dwing in stryd met die beleid van die Atlantiese moondhede, en hul ekonomiese vraagstukke op die wyse te vermenigvuldig. Daar is aansienlike aanduidings van heimlike voorbereidsels vir die uitvoering van so 'n plan."**

# CHURCHILL WIL NOG TYD MORS

**Winston Churchill het in 'n verkiesingstoespraak verlede week homself bereid verklaar om weer 'n slag met „premier Stalin" te gaan gesels oor wêreldvrede en atoombeheer. Churchill se verkiesingskanse word as heeltemal rooskleurig beskou, sodat dit skyn of ons weer 'n oplewing gaan ondervind van die onverantwoordelike paai-beleid waarvoor hierdie Brit en sy vriend Rooseveld berug geraak het.**

President Harry Truman, wat die vodka-beleid van sy voorganger geërf en vir 'n tydlank voortgesit het, skyn egter minder vertroue te hê in die welwillendheid van „premier Stalin". Hy het in 'n personderhoud gesê dat dit Stalin vry staan om na Amerika te kom as hy oor vrede wil gesels — waartoe Amerika steeds gereed is. Dit staan natuurlik gelyk aan 'n weiering, want „premier Stalin" se belaaide gewete het hom nog nooit toegelaat om buite bereik van sy geheime polisie te beweeg nie, en selfs die sieklike Roosevelt moes keer op keer oor die oseaan na sy kameraad se bewaakte oorde vlieg.

Dit sal Winston Churchill goed te staan kom om 'n bietjie opnuut 'n studie te maak van die Bolsjewistiese mentaliteit, waarvan die eertydse Kommunis Igor Gouzenko, in sy boek „Dit was my Keuse" as volg skryf:

### „WAARDELOOS"

**„Die Sowjet-mentaliteit beskou enige kompromis slegs van die kant wat in die Sowjet se guns is. Die ander kant van die ooreenkoms sal hy heeltemal ignoreer. Dit is dwaas om te vra: ‚Wat wil die Sowjet?'**

**„Die antwoord is te bekom uit enige Russiese skoolboek vir die eerste grade. Die doel van die Kommunisme is om die wêreld te beheer, om Kommunisme oral te vestig, en in die koerant is daar daeliks getuienis dat hierdie doel besig is om verwesenlik te word. Sedert 1939 het die Sowjet sy grense met ongeveer 280,000 myl uitgebrei en gebiede geannekseer met 'n totale bevolking van 22,000,000.**

**„Wat kan ons doen omtrent die Sowjet?**

**„Die antwoord is: ‚niks'. Die Sowjet-leiers sal in elk geval net doen wat hulle wil. Kompromis en mooi praatjies is waardeloos. Die enigste raad wat ek nederig kan aanbied is dat die demokrasieë nugter oor hierdie saak moet wees, meer aan die mag van die demokrasie moet dink en hul kragte opbou om dit te verdedig."**

# Majubavlam: K.G. Se Oproep

**27 Februarie is vir die Afrikaner in die algemeen en vir die Ossewabrandwag in die besonder die dag van Republikeinse betekenis.**

**Brandwagte, sorg dat, orals waar u dit kan bewerkstellig, die Republikeinse Vlam om nege-uur daardie aand helder oplaai. Want hoe meer die vlam van egte republikeinse besieling buitekant, in die politieke kryt, uitgedoof word, deste meer is dit gebiedend noodsaaklik dat die simboliese Vlam helder opskiet — vir vriend en vyand om te sien.**

**En ook dié versekering het u . . . dat dit om presies negeuur daardie aand op die kruin van Amajuba sal brand.**

**Hans van Rensburg.**

DIE O.B., WOENSDAG, 22 FEBRUARIE 1950

# SAL WEER OPSTAAN

Op 27 Februarie sal die Ossewabrandwag dwarsdeur die land weer sy vryheidsvuur aansteek en terugdink aan die herstel van Boerevryheid nege-en-sestig jaar gelede wat gevolg het op 'n tydperk van politieke slapte waarin die Republikeinse onafhanklikheid sonder slag of stoot prysgegee is aan 'n groepie Engelse. In daardie voorafgaande jare van verwarring en lusteloosheid kon die fiere helde van 'n veertig jaar gelede nouliks herken word — helde vir wie geen berg te hoog en geen vyandsmag te talryk was op die ingeslane weg na vryheid nie. Maar dit is nou eenmaal so dat 'n volk sy hoogte- en laagtepunte het, en hoe dieper die insinking hoe nader die opbruising. **Toe groepe bittereinders — soos hulle gemeen het hulle was — in daardie dae van insinking opgepak en die dorslandwildernis ingetrek het omdat hulle gewanhoop het aan hul volk wat sluimer, het hulle seker nooit kon droom dat daardie selfde mense wat hulle agtergelaat het binne enkele jare 'n vryheidsdaad sou verrig wat sewentig jaar later nog steeds in Afrikanerharte sou weergalm nie.**

### MEERMALE SO

Sedert daardie tyd het ons volk nog meermale ingesluimer en opgestaan. Daar was die tydperk na die Tweede Vryheidsoorlog, toe die wanhopende vraag of die Afrikanervolk ooit weer sal opstaan sefs aan Kruger in sy banneling-skap gestel is. Die gryse President het ver in die toekoms gekyk toe hy sonder aarseling geantwoord het: **„Die huidige geslag sal ongetwyfeld lamgeslaan wees, maar die tweede geslag sal weer opstaan en die verlore vryheid herstel."**

Die opbruising het gekom, maar veral onder die inwerking van die opportunistiese partypolitiek is dit telkemale weer onderdruk en in die dertiger jare het dit inderdaad gelyk of Kruger verkeerd was. In die verkiesing van Mei 1938 het ons volk 'n diepte van verwarring en verdering ondergaan wat net oortref is deur die oorlogsverklaring van Afrikaner-politici in 1941 op die magtigste volksorganisasie wat die Afrikanerdom nog ooit gemobiliseer het. Maar nouliks drie maande later het ons die grootste nasionale herlewing van die eeu ondervind. Verrassend gou kan 'n volk ontwaak!

### ANDER VERKLARINGS

Ook vandag belewe ons 'n tyd van politieke insinking. Die taal wat voorheen uit die „Sap"-mond soveel ergernis verwek het, naamlik „Suid-Afrika se veiligheid word deur die Britse Statebond gewaarborg" en „ons ekonomiese belange is van die Britse Ryk afhanklik," vloei vandag onweersprek uit die mond van Afrikaners wat lid is van 'n party met 'n republikeinse klousule. **Leiers wat 'n paar jaar gelede gesê het: „Selfs al wen Engeland die oorlog, sal hy so uitgeput wees dat dit in belang van Suid-Afrika sal wees om hom los te koppel van Engeland," rapporteer vandag aan die parlement, ná besoeke aan Londen, dat „wat daar gedoen is, is nie tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag."** En Afrikaanse koerante wat 'n paar jaar gelede verkondig het dat „al was daar geen oorlog . . . nie, sou die Nasionale Afrikanerdom terwille van alles wat vir sy voorgeslag heilig en dierbaar is, die stryd om republikeinse vryheid voer," verklaar vandag dat Suid-Afrika binne die Britse Statebond is „omdat hy dit in sy belang ag".

**Maar hierdie feite is geen rede tot wanhoop nie. Daar is nog die „dorslandtrekkers" wat weier om die saak van die voorgeslag in die steek te laat, en hulle sal op 27 Februarie „terwille van alles wat die voorgeslag heilig en dierbaar is" opnuut die vryheidsvuur aansteek. Partypolitieke argumente dat dit in Suid-Afrika se belang is om binne die Statebond te bly, het nog nooit verhinder dat die volk ontwaak nie. En ook diegene wat vandag sluimer sal eenmaal opstaan tot die finale stryd saam met diegene wat vandag in die politieke koue brandwag staan.**

# Trek Na Die Noorde

Volgens die jongste berigte skyn dit of die trek na Noord-Rhodesië uit die Unie en ook Suid-Rhodesië reeds die afmetings van 'n volksverskuiwing begin aanneem. Dit is dan ook verblydend om te verneem dat die Rhodesiese leiers hierdie nuwelinge met ope arms ontvang. **Dit kan ook nie anders nie. Noord-Rhodesië is nog nie deur die vloek van die partypolitiek getref nie. Voormanne daar dink nie in die eerste plaas aan die versterking van 'n politieke party deur stemvee van elders nie, maar aan die ontwikkeling van die land as 'n blanke tuiste.** Veral diegene wat 'n begrip het vir die regte verhouding tussen blank en gekleurd is daar welkom, en daarom is die pad van die Afrikaner daarheen sonder struikelblokke.

Die Noord-Rhodesiese leiers het reeds tot die besef gekom dat die gebied nêrens sal kom solank dit 'n kolonie van Brittanje bly nie. Brittanje het in die geskiedenis van Suid-Afrika getoon dat hy nooit enige begrip het vir die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

aspirasies van die blanke bevolking nie. Dit gaan by hom, in die eerste plaas om ponde, sjielings en pennies en sover daar wel nog enige sentiment bykom, is dit die siekllike filantropisme wat soos 'n footjie die naturel toegewerp word vir sy goedkoop arbeid.

Blankes van wie verwag kan word dat hulle die saak van die kolonie teen Britse wanbestuur sal opneem, is dus dubbel welkom. Hierdie ontwikkeling is ook vir die Unie welkom. Ten spyte van die feit dat ons land self nog talle immigrante nodig het, en dus nouliks kan toesien hoe duisende van sy jeug die grense na die noorde oorsteek, is dit ook waar dat die Unie se lot opgesluit lê met dié van die res van Afrika. **Diegene wat na die noorde verhuis, is dus nie vir ons volk verlore nie, maar is baanbrekers wat gaan help om die land te tem waarin ons nageslag groot en verenig sal lewe. Dit is nodig dat hierdie gebiede wat in alle opsigte by die Unie hoort, bevolk word deur diegene wat Suid-Afrika net as 'n vaderland ken.**

Hierdie trek is ook welkom omdat pionierslewe op die maagdelike bodem van Afrika stimulerend werk vir die gesonde gesinslewe en ons volk, wat in sy groei deur die stede belemmer word, hier weer tot nuwe wasdom kan kom.

## *Brief Aan My Partyvriend :*

# STEEK DAAR NOG ENIGE SIN IN VRYHEID?

**Geagte Vriend,**

**Jy vra my waarom ons dan nog Vryheidsdag vier, terwyl dit tog klaarblyklik is dat die wêreld in twee groot kampe verdeel en elke land lid van een van daardie twee sal moet word.**

**Hoe lyk dit dan vir my of genl. Smuts dit nog gaan beleef dat republikeine van voorheen, wat hom al die jare vir 'n verraaier uitgeskel het, uiteindelik nie net sy politieke standpunt ten opsigte van die Empire gaan aanvaar nie, maar ook 'n gewysigde vorm van sy holistiese filisofie?** Dit was genl. Smuts wat al die jare gepreek het dat die wêreld in die rigting van groter eenhede moet beweeg totdat ons uiteindelik 'n allesomvattende sameskakeling het. En dit was op grond van hierdie filisofie dat hy hom vir die opbouing van die Britse Ryk beywer het. **En as genl. Smuts en sy „Sappe" reg was, dink ek is dit tyd dat jy en jou leiers dit openlik sê en die volk om verskoning vra dat julle hulle verdeel het oor 'n saak wat uiteindelik niks om die lyf het nie.**

### MEERMALE GEBEUR

Maar ek is nie bereid om verskoning te vra nie— het trouens nie nodig om dit te doen nie, want ek kan nog nie sien hoe die nuwe wêreldontwikkeling enigiets verander aan die feit van die bestaan van volke nie. **Dit het tog immers meermale in die geskiedenis gebeur dat 'n groep volke of state hulle verenig het teen 'n gemeenskaplike gevaar, maar dit het nog nie hul bestaansreg of selfstandigheid opgehef nie.** Ek glo nie daar is denkende mense in ons land—behalwe Sowjetaanhangers—wat sal sê Suid-Afrika moet nie sy plek in die Westerse blok inneem nie. Ook ek sê dit nie. **Maar wat ek wel sê, is dat Suid-Afrika sekerlik nie soos 'n hond se stert saam met die ander honde gaan saamdraf nie—hy doen dit op sy eie pote. Waarom moet ons eers Engeland se aanhangsel wees voordat ons met Amerika, Spanje en die res kragte verenig teen 'n gemeenskaplike vyand?**

### GROTER SEGGENSKAP

Jy sal sê omdat ons daardeur 'n sterker blok binne die blok vorm om sodoende 'n groter seggenskap te verkry. Oppervlakkig beskou steek daar nogal iets in so 'n argument, **maar wat jy bepleit is niks anders nie as 'n internasionale politieke party, volledig met sy koukus en al.** In plaas van vrye sameskakeling waar enerse belange dit noodsaak, moet daar nou 'n waterdigte sel gevorm word wat ten opsigte van alles moet saambroei en brou teen 'n mede-lid van die Westerse blok. As dit byvoorbeeld in belang van Suid-Afrika is om van sterling los te kom, dan eis die Empire-koukus van hom om dit nie te doen nie, want dan verbreek hy die krag van die „Statebond"-party en kan die „party" dalk sy seggenskap verloor op internasionale gebied. **Terwille van die een of ander teoretiese seggenskap van die Statebond as geheel, word 'n individuele land soos Suid-Afrika verplig om sy praktiese belange op te offer.**

### MOEDER ENGELAND

**En per slot van sake is dit moeder Engeland, gesteun deur die „regterhande en lojale harte" van sy dominiums wat eintlik daardie „seggenskap" op internasionale gebied het, en moenie glo dat enige stap of besluit van die koukus teen sy belange sal indruis nie!**

Nee, my vriend, as Suid-Afrika —of liewer die Unie van Suid-Afrika—sy seggenskap moet verstewig deur sameskakeling dan sal dit op natuurlike grondslag moet geskied, en dit kan berus op die grondslag van toevallige of blywende gemeenskaplike belang. Die eerste kry ons waar 'n wolproduserende land soos Australië saam met die Unie staan wanneer daar 'n besluit oor wol deur die Westerse blok geneem word—sê bv. 'n verbod op die verkoop van wol aan Oosterse lande. **In daardie geval waak Suid-Afrika en Australië saam oor hul gemeenskaplike belange op die besondere punt.** Dit is wat ek bedoel met vrye sameskakeling —dit hou weer op sodra die saak van gemeenskaplike belang afgehandel is en daar weer 'n nuwe terrein—sê die verkoop of verwerking van goud—betree word.

### AFRIKA HOORT SAAM

Die tweede grondslag van sameskakeling is die van territoriale aard. **Ek dink jy sal saamstem dat die twee Rhodesiës en, ek kan maar sê, die hele Afrikaanse vasteland veel meer gemeenskapliks het as die Unie en Brittanje. Laasgenoemde se belange lê veel meer opgesluit met dié van Europa. Daarom, sê ek, is dit veel meer logies en noodsaaklik dat Suid-Afrika met die blanke gebiede van Afrika tot een groot stateeenheid ontwikkel en verenigd optree net soos die verskillende state van die Noord-Amerikaanse vasteland vandag 'n magtige eenheid vorm. Die taak en plek van Afrika kom al meer in die brandpunt van die internasionale politiek vandag, en dit is hoog tyd dat Suid-Afrika betyds ontwaak om die leiding te neem tot die vereniging van hierdie potensieel magtige vasteland.**

### MOET EERS VRY WEES

Maar kan ons dit doen solank ons nog saam met Brittanje in 'n koukus sit en glo dat dit ons taak is om 'n groep van agt of tien state en halwe state wat duisende myle van mekaar verwyder is, aaneen te hou op grond van „gemeenskaplike belange?" **Kan ons dit doen solank Brittanje met al die mag en slinksheid tot sy beskikking probeer verhoed dat die noordelike gebiede tot selfstandigheid ontwikkel, en selfs probeer verhoed dat hulle blank bly?** Nee my vriend, dit is ons taak vandag meer as ooit tevore om aan Brittanje te sê: **„Jou plek is in Europa—ruim daar die gemors op wat onder jou leiding veroorsaak is. Hou op om volke en lande duisende myl ver van jou verwyder te gebruik om jou bure te beroof en te vertrap, en laat ons hier in Suid-Afrika met rus om ons eie bestemming uit te werk in 'n land van wie se vraagstukke jy geen begrip het nie en wat deur jou kapitalisme sonder enige oog vir die toekoms kaalgestroop en besoedel word met goedkoop arbeid uit Indië en Sjina."**

Oor die laasgenoemde sakie sal ek in 'n volgende brief handel.


# VRYHEIDSDAG 1950

**VRYHEIDSDAG WORD VANJAAR DEUR**

***Generaalskappe A 1, 2, 3, 9, 18***

**GEVIER OP**

## Saterdag, 25 Februarie

**Vanaf 6 nm.**

**TE HARDEKRAALTJIE**

**VOORTREKKERWEG (Naby Sportgrond)**

## BELLVILLE

***Spreker:***

**Gebiedsleier Dr. F. D. du T. van Zyl.**

**Hout vir die Vryheidsvlam word te koop aangebied. Koffie, Tee, Toebroodjies, Vrugte, Roomys, ens. Verkrygbaar op die Terrein.**

**Alle Offisiere, Brandwagte, Vriende en Belangstellendes baie welkom.**

# So Word Regeer Volgens Britse Model

**In die amptelike „Debatte van die Volksraad" (Hansard) staan die volgende werksaamheid van die parlementêre verteenwoordigers aangeteken (Hansard No. I Kol. III):**

**DR. FRIEDMAN: Mnr. die Speaker, ek dink dat dit 'n besonder gelukkige gedagte was om die agb. lid vir Cradock (mnr. G. F. Bekker) en die agb. lid vir Swellendam (mnr. S. E. Warren) op dieselfde Babelbank te plaas.**

Mnr. Potgieter: U is nou weer persoonlik.

Dr. Friedman: Daar het ons twee harte wat soos een klop en twee gemoedere sonder 'n enkele ingewing. Maar ek wil my toespits op die opvallende tirade waarna ons nou net geluister het van die kant van die agb. Minister van Justisie, 'n besonder waardige tirade. Wat was dit anders, mnr. die Speaker, as 'n sameflansing van betekenislose gemeenplase, 'n oormaat van woorde en 'n skaarste aan feite? Dit is skokkend om te hoor dat 'n Minister van Justisie, let daarop—in werklikheid moet hy 'n Minister sonder Portefeulje wees—dit is skokkend om te hoor dat die Minister van Justisie sy kollega, die Minister van Arbeid, verdedig en die gebruik van hierdie uitdrukkings „kaffers, koelies en hotnots" verdedig.

Mnr. S. E. Warren: U is geskok om die waarheid te hoor.

Mnr. Sutter: Jy het jou pak gekry. Jy moet liewer stilbly.

Dr. Friedman: Ons kry nou meer tussenwerpsels van hierdie praatsieke lid. Soos ek gesê het, dit is 'n gelukkige gedagte om hierdie twee lede langs mekaar te plaas. Hulle is soos 'n paar buiksprekerpoppe wat gemanipuleer word deur 'n onsigbare stommerik. Dit maak geen saak vir die Minister van die Kroon dat hierdie woorde „kaffers, koelies en hotnots 80 persent van ons bevolking kwes en beledig nie.

Mnr. S. E. Warren: Beledig ek u as ek u 'n Jood noem?

Dr. Friedman: Die agb. lid kan my nie beledig deur my 'n Jood te noem nie. Ek is trots daarop dat ek 'n Jood is.

Mnr. S. E. Warren: Waarom moet hulle dan beswaar maak teen hierdie benamings? Hulle is afstammelinge van daardie rasse.

'n Agb. Lid: Waarvan is u 'n afstammeling?

Dr. Friedman: Ek is trots daarop om 'n Jood te wees. Ek stam af van konings. Ek wonder van wie die agb. lid van Swellendam afstam?

Mnr. Sutter: Swellendam, u moet liewer nou stilbly.

Dr. Friedman: Dit maak geen saak vir die Minister van die Kroon dat benamings van daardie aard, kwetsend en beledigende benamings rasseverhoudings in die land verbitter nie. Ons sal dit egter daar laat. Dit is 'n weerkaatsing van hul apartheidsmentaliteit. Maar die agb. Minister het die onverskrokkendheid om my agb. vriend, die lid vir Groenpunt wat 'n baie insnydende en welsprekende toespraak gehou het, dit te verwyt dat hy gemeenplase gebruik het. Mnr. die Speaker, wie maak hom die meeste aan gemeenplase skuldig in hierdie Raad na die vertoning waarna ons nou net geluister het? Ek meen dat die agb. Minister van Justisie eenmaal 'n loopbaan as rolprentster in Hollywood nagestreef het. Diegene van ons wat hom nou net hoor spreek het, sal instem dat in die tyd van die klanklose rolprent hy miskien 'n mate van sukses sou behaal het.

Die Minister van Justisie: Ek het ook werklik.

Dr. Friedman: Die Minister maak aanspraak op 'n mate van sukses.

Die Minister van Justisie: Ek was die booswig. U is maar net jaloers op my sukses op die doek.

Dr. Friedman: Ek is oortuig dat die Minister 'n mate van sukses behaal het tydens die klanklose rolprent, ongetwyfeld as agterspieël vir sy meer vermaarde tydgenoot, Rin-Tin-Tin.

Die agb. Minister praat van gemeenplase. Ek hoop die Minister sal nie beledig voel as ek hom beskryf as 'n nul wat nou en dan die hoogtes van middelmatigheid bereik het nie. Dit is alleen in hierdie kabinet dat die Minister sy middelmatigheid triomfantlik tot die hoogste peil kan voer. Hy is 'n tipiese voorbeeld van die kabinet wie se oorheersende glans ons gevra word om te bewonder en in wie se hande ons gevra word om ons lotgevalle te plaas.

Die Minister van Justisie: Slegsê is geen argument nie.

Dr. Friedman: Nee maar dit is baie raak. Sedert wanneer het 'n getroue karakterskets persoonlike slegsê geword? Hierdie portret is miskien nie vleiend nie, maar ek het nie die grense van parlementêre welvoeglikheid oorskry nie.

Mnr. S. E. Warren: Het u nie?

Dr. Friedman: Hulle het gesê dat hulle man vir man beter is as hul voorgangers—let daarop, man vir man. Wel aangesien hulle 'n vergelyking uitgelok het, laat ons die seepbel van hul dwase aanmatiging prik. Laat ons byvoorbeeld vra wie daar in die huidige kabinet is met die grootste statuur wat kan aanspraak maak op 'n vergelyking met die Eerste Minister van die vorige regering. Dit is sekerlik nie die huidige Eerste Minister wat, na ek verneem, 'n betreklike nederige posisie in die hierargie van die Broederbond inneem en wat ongetwyfeld nie eens baas in sy eie huis is nie.

Mnr. S. E. Warren: Hy behoort nie aan die Joodse Raad van Gedeputeerders nie.

Dr. Friedman: En wie is die toonbeeld van volmaaktheid onder hulle wat hom durf stel teenoor wyle mnr. Hofmeyr wat eiehandig al hul portefeuljes met voortreflike bekwaamheid kon behartig? Hy is sekerlik nie daardie opgeblase ballon, die Minister van Ekonomiese Sake nie. Is hy miskien die Minister van Binnelandse Sake, daardie minsame geurstof in die regeringsmengsel?

Totsover Hansard. In hierdie trant het die „agb. lid" nog voortgegaan totdat sy tyd verstreke was. Wat aangehaal is, is nog nie eens 'n kwart van sy toespraak nie, **maar dit is 'n getroue weerspieëling van die algemene bedrywigheid binne die parlement waar in plaas van waardige beraad oor groot vraagstukke tussen volksverteenwoordigers, soos in die dae van die Republiek, daar 'n dralende vitsugtigheid heers tussen geeste wat tot so naby die intellektuele sero-lyn afgestryk word dat 'n Minister van Justisie dit werklikwaar noodsaaklik en paslik ag om te antwoord op langdradige snert.**

## Joodse Leier Oor Wanindruk

Daar heers in Engeland groot wanbegrippe oor die politieke toestand in Suid-Afrika, het adv. B. A. Ettlinger, K.C., voorsitter van die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes in 'n toespraak op 'n vergadering van die Britse Raad van Afgevaardigdes verklaar.

Dertien of veertien jaar lank was die beleid van die Nasionale Party anti-Joods, het hy volgens die Joodse Nuusagentskap gesê. In 1936 is in sekere kringe anti-semitiese propaganda uit Duitsland aanvaar. Dieselfde groep was gekant teen die oorlog teen die Nazi's. Dwarsdeur hierdie tydperk het die Suid-Afrikaanse Joodse Raad egter in aanraking met die Nasionale Party gebly en aan die einde van 1947 is die anti-Joodse vraag op die agtergrond geskuif in soverre dit die party as geheel betref.

Dr. Malan was nooit 'n antisemiet nie, het mnr. Ettlinger gesê en daarby gevoeg dat die Nasionaliste sedert die verkiesing „niks gedoen het waarteen ons as Jode beswaar kan maak nie."

## *NUWE PROPAGANDA-MASJIEN*

Die nuwe propaganda-apparaat van die Sowjets in Oos-Duitsland is die onlangs opgerigte „Nasionale Front". **Onder die slagspreuk „Duitse Eenheid" is reeds 18,000 werkgroepe gestig wie se taak dit is om vir die Kommunistiese eenheid van Duitsland te stry.** Elkeen is welkom, ongeag of hy lid van die Nasionaal-sosialistiese Party was of wel monopool-kapitalis is. Onder die parool „Nasionale Front — Duitse Eenheid" word die verkiesingsveldtog vir Oktober 1950 gevoer. Ook die propaganda vir samewerking tussen Duitse en Russiese intellektueles slaan in hierdie rigting. Daar word gehoop dat die Nasionale Front teen daardie tyd so sterk sal wees dat daar 'n beslissende antwoord aan die Westerse „oorlogsdrywers" gegee sal kan word. — (Korr. in Duitsland).

## Blitsvinnige Motore Word Getoets

Die Amerikaanse lugmag het aangekondig dat 'n spesiale toetskamer ontwikkel is vir proefnemings met buitengewone kragtige spuitmotore (,ramjets') wat moontlik in beheerde projektiele en loodslose vliegtuie gebruik kan word.

In die kamer kan toestande soos dié wat ondervind word teen snelhede tot 2,600 myl per uur— vier keer die snelheid van klank—en op hoogtes tot 80,000 voet nageboots word.

Die woordvoerders van die lugmag verklaar dat die nuwe spuitmotore, wat geen bewegende onderdele het afgesien van hul brandstofstelsels nie, geweldige krag ontwikkel met betreklik geringe brandstofverbruik teen snelhede vinniger as dié van klank. In die toetskamer sal feite wat tot hiertoe onbekend is, vasgestel kan word in verband met die werking van die nuwe drukspuitmotore.

# SELFDE BAL WIP PAALTJIES TOE . . . UIT ANDER HAND

**Dit is pateties om te sien hoe die partypolitiek die volk vir die gek hou. Die Verenigde Party, wat vandag in die opposisiebanke sit, hamer elke dag op die hoë lewenskoste, die gevaar van petrol-rantsoenering en die tekort aan huise. Dit is dan die regering se skuld dat die arme volk so swaar kry, en alles sal reg wees as die volk maar net die opposisie weer 'n kans sal gee om die land te „red". Maar toe hulle aan bewind was en al hierdie dinge ook maar bestaan het, was alles net te reg.**

En net soos die huidige opposisie-leiers hulself indertyd, toe hulle regeer het, verdedig het met allerlei verskonings, so is die huidige regeringsparty ook maar genoodsaak om dinge goed te praat wat hy as opposisie indertyd teen die kop van die destydse regering gegooi het.

Dit is net soos die Britse krieket-spel—die spel wat Suid-Afrika maar nog nie kan bemeester nie. Eers gaan die een span in, en dan gooi die ander na hul paaltjies met 'n bal. **Soos almal uitgegooi is, gaan die gooiers weer in om te kolf en dan gooi die voormalige kolwers weer met dieselfde bal na dieselfde paaltjies.**

'n Tipiese voorbeeld het ons verlede week gehad ná die onluste aan die Rand, toe natuurelle-hordes weereens die polisie aangeval het soos in die Moroka-sakdorp in 1947. Die opposisie-party en -pers het dadelik die regering die skuld vir die moeilikheid gegee. Die Suiderstem skryf:

„So desperaat oor pligsversuim deur die regering was die kiesers nooit onder die V.P. nie! . . . . **natuurlik is die onluste die skuld van die H.N.P.-regering.**


Maar twee-en-'n-half jaar gelede, toe die huidige opposisie voor die paaltjies gestaan het, het die huidige regering met dieselfde bal met dieselfde draai na hulle gegooi:

**„Hierdie moorde is die regering se skuld,"** het mnr. J. G. Strydom gesê en Die Burger het na die onluste verwys as „die gevolge van hierdie politieke lafhartigheid en versuim van die Smutsbewind."

Verlede week het genl. Smuts baie gou opgespring om van die regering doeltreffende stappe en beskerming van die publiek te eis. **Die kolwer van 1947 was nou die bouler en dieselfde bal het aangewip paaltjies toe . . . . en dieselfde volk het in die spring van die bal of in die hou van die kolwer die redding van blank Suid-Afrika gesien!**


PROBEER DIT VIR OË-TOETS

Vind die vermiste jokkie. Net nadat die wenperd na die ring teruggelei is, het iemand ontdek dat die jokkie nie daar is nie. In werklikheid was daar geen redè om besorg te wees nie, want die jokkie was mooitjies al die tyd daar. Kyk of u sy gesig kan sien daar in die skare.




VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie maar blaas dit langsaam deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur u neusgate of deur u mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry.



U OË MAG U BEDRIEG MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK




RONDE Kommando -sigarette

20 vir 1/-
50 vir 2/4

C 4

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

Vir aflewering einde Maart 12/6 per pond, posvry, K.M.B. of K.B.A. Voorrade beperk, bestel dadelik van **Premiers, Pk. Schoemanshoek, Dist. Oudtshoorn.** 15/2/TK.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strooikleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 1/2/TK.

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**

Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig. 21/9/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak** No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—

Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.

Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

## TEE

Spesiaal gekweek, **suiwer, eerstegraad Cederberg-Rooibostee.** Beroemd vir sy besondere **geur** en **voordeligheid.** 10 pond-pakkies vir 28/6 (Posvry binne Unie). K.M.B. Ook aan Handelaars teen Groothandelsprys. Verpakker: **„Teekoning", Citrusdal, K.P.** 7/12/3.

## PLAAS TE KOOP

**Rustenburg Distrik. Tabak- en koringplaas.** 32 Myl van Rustenburg en 10 myl vanaf Koster. Groot 220 morge. Ongeveer 10 morge onder permanente water. Meer grond kan onder besproeiing gebring word.

Woonhuis 7 vertrekke, nuwe woonhuis onvoltooid. Dubbelverdiepping tabakskuur van sink, klaskamer, droogoond, rondawel en hoenderhuis.

Gereelde spoorweg en skool busdienste.

Prys £3,800 waarvan £2,000 op eerste verband teen dieselfde rentekoers as landbank. Skrywe aan: **L. S. Buys, Amajuba, Pk. Charlestown, Natal.** 15/2/3B

## VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:

Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.** 22/2/5B

# ‚Heropgevoede' Ontpop As Nuwe Hitler

**Die anti-Duitse pers was die afgelope weke in beroering oor die verskyning van wat hulle noem 'n nuwe Führer in Duitsland wat vergaderings toespreek in kaplaarse. Hy is dr. Franz Richter, 'n 39-jarige oud-onderwyser wat uit die Sudetenland saam met agt miljoen Oos-Europese Duitsers na die Weste verdryf is, en tans 'n volksverteenwoordiger is in die Bonn-parlement.**

Richter is die leier van die onlangs gestigte Duitse Staatsparty, wat 'n samesmelting is tussen die Duitse Regse Party en Nasionaal-demokratiese Party. Die nuwe party het reeds vyf verteenwoordigers in die parlement en het gesamentlik meer as 750,000 stemme in die verkiesing gekry.

Volgens 'n Britse berig is die nuwe party op 22 Januarie in 'n biersaal gestig waar die 250 afgevaardigdes op aandag gestaan het „soos in Hitler se dae" onder die swart, wit en rooi vlag van die Duitse Keiserryk. Hulle het hulle gebind tot die stigting van die „Vierde Ryk".

### TERUGGAWE

**Die party beywer hom vir die teruggawe van die Duitse gebiede wat aan Pole gegee is en die Sudetenland in Tsjeggo-Slowakye.** In sy toespraak het Richter onder meer gesê: „Diegene wat Duitsland oordeel, is hulle wat die hart van Europa na die Ooste ontbloot het. Hulle wat ons van oorlogsmisdade beskuldig moet die bombardering van Kassel, Hamburg en Dresden en die uitboendering van 8 miljoen vlugtelinge uit die oostelike dele onthou." Hy het voortgaande verklaar dat Europa nie gered kan word voordat Duitsland nie eers gered is nie. Die eer van die Duitse soldaat moet ook gered word, het hy gesê.

### POLITICI VEROORDEEL

Sy kollegas in Bonn het hy beskryf as die lewende spoke van die Weimar-republiek (wat na 1918 gestig is) „wat glo dat hulle deur Hitler verdryf is in 1933". „Indien hulle in Engeland gewoon het, sou hulle nie in die parlement gewees het nie, maar in die Tower of Londen. Ons moet hierdie valse soort demokrasie beveg. Slegs diegene wat hulle in merg en been as waardige Duitsers bewys het, is geskik vir 'n Duitse parlement."

### „HEROPGEVOED"

Richter, wat 'n swart snor dra, is as onderwyser na Engeland geneem om daar in die demokrasie „heropgevoed" te word. Dit was sy taak om aan die Duitse kindertjies te gaan leer wat „die ware demokrasie" is. **Hy het egter met ander idees teruggekeer en aan die kindertjies gaan vertel waarom Duitsland die oorlog verloor het.** Dit het gelei tot sy ontslag waarna hy as kandidaat in die verkiesing gestaan en gewen het.

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

NOG 'N PAAR LINNEPAKKE WAT U BAIE VAN SAL HOU!

*BY*

**Steyns**

**DIE MODEWINKEL**

*Parow*

## Britte Oor Nuwe Party Besorg

**Die Engelse pers berig dat Richter „miljoene Duitsers verteenwoordig wat nog hunker na die goeie ou dae onder Hitler." Veral die 8,000,000 uitgedrewe Duitse vlugtelinge in die Weste word as 'n vrugbare akker vir sy politieke doelstellings beskou — te meer daar hy self 'n vlugteling is.**

# Russiese Beheer Oor Sjina

Na 'n verblyf van meer as twee maande in Moskou het die Sjinese leier, Mao Tse-Toeng verlede week na Sjina teruggekeer. Die jongste berigte lui dat Stalin onder meer beheer oor sewe hawens aan die Geelsee eis. As Russiese beheer oor die Geelsee toegelaat word, sal Mantsjoerye en Binne-Mongolië van die buitewêreld afgesny en die Amerikaans-ondersteunde regering van Suid-Korea omvleuel wees.

Ander eise van Stalin sluit in 'n arbeidsleër van 500,000 Sjinese (klaarblyklik uit die geledere van die Sjinese anti-kommuniste) en vermeerderde voedselvoorrade uit Mantsjoerye, hoewel Sjina self met 'n hongersnood te kampe het.

Die Sjinese regering verwag van Rusland om geldelike hulp van £1,000,000,000 vir skeepsvaart en intensiewe bewapening te lewer.

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!

Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.

Wie is hulle?

Almal wat Republikeine is.

Almal wat na ware Volkseenheid strewe.

Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.

Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.

Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?

Wat moet u doen?

Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.

Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*............................

*..............................vir die eerste..................maande.*

*NAAM*....................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

## KAMPE „GESLUIT"

By geleentheid van 'n perskonferensie in Berlyn het die minister van binnelandse sake, Warnke, aangekondig dat die konsentrasiekampe binne die Sowjet-besette Duitse gebied binne 'n maand gaan sluit. Dit, het Warnke gesê, is 'n bewys dat die Sowjet-unie sy menslike beleid gaan voortsit — hierdie mense kon ook in gas-oonde gestop gewees het.

**Hoe hierdie kampe in werklikheid gelikwideer gaan word, blyk uit 'n skrywe van die Russiese generaal Tsjoekof aan ministerpresident Ulrich. Daarvolgens sal 15,038 persone ontslaan word, 10,500 gevangenes sal hul straf in Duitse tronke verder moet uitdien, 3,442 persone sal aan die Russiese departement van binnelandse sake uitgelewer word en 'n verdere 649 „misdadigers" bly in die hande van die Sowjets in Oos-Duitsland.**

Volgens mededelings van ontslane gevangenes is reeds 15,000 mense in hierdie konsentrasiekampe dood aan tering.—(Korr. in Duitsland).

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# REBELLIE SE OORSAKE

**Mev. A. v. d. Westhuizen, Uniondale skryf:**

Ek vind uit dat min van ons mense en volk die 1914-rebellie se redes weet, selfs so 'n man soos mnr. A. M. du Plessis, wat 'n spesiale studie van Jopie Fourie se lewe gemaak het, het hieromtrent nie duidelikheid nie.

Die rebelle van 1914 was nie rebelle nie, maar vlugtelinge. Hulle het geweier om opgekommandeer te word om buite die Unie-grense te gaan veg.

Generaal Hertzog het gesorg dat daar in die Vredestraktaat 1902, ingevoeg word dat ons Suid-Afrikaners nie buite ons grense vir Engeland hoef te gaan veg nie; en tenspyte van die traktaat het generaal Botha tog wel ons Boereseuns opgekommandeer om Duits-Suidwes te gaan inval. Let wel D.S.W. het nie ons aangeval nie, maar ons mense moes D.S.W. gaan binneval.

Jopie Fourie en andere het eenvoudig geweier om opgekommandeer te word en het met wapens in die veld gevlug.

**Een van die strengste bevele van die Rebellie-owerhede was, dat die manne nie moes skiet, as daar 'n botsing kom, voordat die Regeringsmanne eerste geskiet het nie.**

Ek voel ook geregverdig om te dink dat die 1914-rebellie vir generaal Smuts versigtig gemaak het om in 1939 nie weer ons Afrikaners op te kommandeer om in die noorde te gaan veg nie.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 22 FEBRUARIE 1950

# BOEREJEUG-NUUS

## NUUS UIT PRETORIA

Met die medewerking van komdte. Seymore, het die Veldkornetskap van veldknt. P. van der Westhuizen onlangs 'n baie geslaagde funksie gehou. Die gesellige byeenkoms is gehou in die koeikamp van die Seymores.

Die Veldkornetskap spog daarmee dat hulle nie 'n pennie uitgegee het nie en dat hulle 'n mooi sommetjie ingesamel het vir Vryheidsdag-fonds. Die vrolikheid is laat die aand afgesluit met die sing van Die Stem.

Die Boerejeug van Pretoria het opdrag gekry om te sorg vir die parades en die aansteek van die Vryheidsvuur op Magaliesberg. Die eerste oefening vir Vryheidsdag is al reeds agter die rug.

Ons korrespondent berig ook verder **dat hulle 'n Franschhoek-fonds in die lewe geroep het en dat hulle volgende funksie se opbrengs in hierdie fonds gestort sal word.** (Kamerade sal onthou dat die Transvaalse en Vrystaatse Boerejeug vanjaar die Boerejeug-laer, wat gedurende Desember te Franschhoek gehou sal word, gaan bywoon. Ons hoop julle alle sukses toe met hierdie mooi onderneming. —RED.).

Die Pretorianers betuig hulle simpatie met die Skiereilanders met die groot brand wat onlangs teen die hange van Tafelberg gewoed het. (Dankie, Maats. —RED.).

(Ingestuur deur P. van der Westhuizen).

**VRYHEIDSVUUR**

**Op 27 Februarie vier ons weer Vryheidsfees. Weereens sal die Vryheidsvlam dwarsdeur Suid-Afrika brand. Oral sal die Boerejeug ook 'n groot deel in die verrigtinge neem. Mag die Vryheidsvlam ons vanjaar weer aanspoor tot groter DADE!**

## SKIEREILAND EN OMGEWING

Die Boerejeug van die Skiereiland en omgewing sal 'n groot aandeel hê in die Vryheidsdagviering, wat op Saterdag-aand, 25 Februarie, te Hardekraaltjie, Bellville, gehou sal word.

Die Boerejeug is verantwoordelik vir 'n fakkel-optog en die aansteek van die vuur.

Alle Boerejeug-lede en offisiere van Generaalskappe van die Skiereiland, Paarl, Stellenbosch, Malmesbury, Wellington en omgewing, moet stiptelik om 6-uur nm. in volle uniform by die uitspanning, Hardekraaltjie, Bellville (regoor Blanckenberg se Karavaanmakery in Voortrekkerweg), wees. Elke Boerejeug-lid moet probeer om 'n fakkel op 'n 4vt.-lang stok saam te bring. Verversings sal te koop aangebied word.





**LAERTREK**

**Hierdie foto is verlede jaar op ons Kompetisielaer te Bellville geneem. Die twee op hierdie foto is Pans Taljaard en Lampies Tredoux, verlede jaar se leiers van die Skiereiland-se spanne, met die Boerejeug-Kompetisiebeker. Ons hoop dat meer afdelings vanjaar aan hierdie kompetisies sal deelneem. Die kompetisie-laertrek word vanjaar weer gedurende die Paasnaweek gehou— moontlik naby Stellenbosch. Verdere besonderhede word binnekort aan Offisiere gepos.**

## Rolprent Van Boerejeuglaer By Monument

**Maats, julle het seker al begin wonder wat geword het van die rolprent wat ons by die Voortrekkermonument gemaak het. Gelukkig kan ons darem nou meedeel dat die rolprent byna klaar is. Ons het reeds die rolle teruggekry en 'n paar offisiere het dit al op die doek gesien. Ons verneem van hulle dat dit baie mooi is.**

Dit sal nog ongeveer 6 weke duur voordat dit publiek vertoon sal kan word, aangesien die titels, klank, ens. nog bygevoeg moet word.

Wat die foto's betref, verneem ons dat daar nog maats is wat nie hulle negatiewe aan ons gestuur het nie. Ons wil graag die stelle uitsoek en laat afdruk, sodat ander maats ook daarvan kan bekom. Ons sal bly wees as julle dit tog so gou as moontlik aan ons sal stuur. Wanneer julle dit pos, sit asseblief die negatiewe in 'n aparte koevertjie, waarop julle volledige naam en adres geskryf is. Pos dit aan **Boerejeug, Redaksie, Posbus 1411, Kaapstad.**

## Dankie

Veldkornet en veldkornette R. E. le Roux van Goudyn, Rawsonville skryf:

Graag wil ons langs hierdie weg alle Boerejeug-offisiere, wat toesig gehou het oor die Boerejeug, toe hulle die reis na die monument-laertrek onderneem het, baie hartlik bedank.

Ook baie dankie aan al die offisiere wat aan die hoof van die laertrek was en die week vir die kinders so interessant gemaak het.

# Dollar Kan Israel Tot Weste Oorhaal Teen Sy Sin

**Israel staan voor die keuse om sy onsydigheid in die koue oorlog tussen Rusland en die Weste nou in die guns van een van die twee te beëindig, volgens 'n berig in die Jewish Herald wat beklemtoon dat 'n beslissing om hom by die Weste te voeg nie op politieke oorwegings sal rus nie, maar bloot op dwang van ekonomiese behoeftes.**

Israel verkeer in groot finansiële nood en die enigste moontlike weg uit sy moeilikheid is wat die Kommuniste sou noem „'n uitverkoping aan Amerka", aldus die berig. Die feit dat die Amerikaanse Jood Morgenthau tydens sy besoek aan Israel die regering gewaarsku het dat die verenigde Joodse hulpfonds, waarvan Morgenthau voorsitter is, nie eens 90 miljoen van die beoogde 150 miljoen dollar sal oplewer nie, en dat dit jare sal duur om selfs maar 'n lening van 100 miljoen dollar in Amerika aan te gaan, word as betekenisvol vir Israel se keuse beskou.

Morgenthau is 'n voorstander vir 'n blok van state in die Nabye Ooste om Rusland se indringing teen te staan. In geval van die skepping van so 'n blok tussen Israel en die Arabiese lande, sal Amerika bereid wees om geldelike hulp te verskaf.

## Skynvoorspoed Lok Jode Na Duitsland

Berigte van die herlewing van Nazi-klubs in verskeie dele van Duitsland en die toenemende nasionalisme van die Adenauerbewind is besig om die toestroming van Jode na Duitsland tot bedaring te bring, na die Jewish Herald berig. Die blad, wat sterk Sionisties is, praat van 'n „ware stormloop" van Jode na Duitsland wat in die jongste tyd begin ontwikkel het. „Die oënskynlike voorspoed in Duitsland," aldus die berig, „het 'n aansienlike aantal Joodse teruggekeerdes aangelok. Hulle dink blykbaar nie daaraan nie dat sodra in die vraag na goedere in Wes-Duitsland voorsien is, Joodse mededinging weereens die voorwerp van propaganda sal word, en selfs die geringe aantal Jode in die land sal dan nie minder 'n skyf wees as die groter aantal in Duitsland in die vroeëre dae van die Hitler-tydperk nie."

## Kan Einde Van Wêreld Wees

Die eerste ontploffing van die waterstofbom kan die wêreld en alles wat daarop is, binne 'n minuut laat disintegreer en kan, as dit groot genoeg is, kettingreaksies veroorsaak wat die hele aardbol sal omhul en uitwis, volgens dr. Allan Munn, voormalige lid van die Kanadese navorsingsraad.

As die toestande bevordelik is, sal die ontploffing van so 'n bom die mensdom en alles op die aarde in klein sonnetjies verander waarskynlik in minder as 60 sekondes na die ontploffing.

„Dit sal 'n pynlose dood wees. Dit sal alles so gou oor wees dat ons nie sal weet wat gebeur het nie."

## VERJAARDAG-KETTING

**FEBRUARIE**

26 Joeleen Swanepoel, Wellington.
Johan Boshoff, Calitzdorp.
Johan Louw, Paarl.
Elizabeth Cilliers, Paarl.
Hester van Staden, ?

27 Elsa Slabbert, Paarl.
Agnes Bezuidenhout, Oudtshoorn.

28 Jenny Basson, Pretoria.
Maritha Smit, Rugby.
Pieter Koekemoer, Franschhoek.
A. Jordaan, Oudtshoorn.

**MAART**

1 Anna van der Westhuizen, Kakamas.
Elsabe Roux, Franschhoek.
Nick Strauss, Muldersvlei.

Van harte geluk maats, mag ons julle nog lank saam met ons in die Boerejeug hê.

## LOF VIR HAVENGA

„Mnr. Havenga het 'n mooi stukkie werk gedoen tydens sy besoek aan Engeland om vertroue in die Unie te skep, wat een van die keerpunte was," het lord Catto, 'n besoekende bankier uit Engeland, in 'n personderhoud verklaar.

'n Ander bankier, mnr. R. O. Hambro, het gesê: „Mnr. Havenga en dr. De Kock, hoof van die Reserwebank, het baie gedoen om vertroue te herstel."

U Radio moet van Morkel wees
SES TAKKE

„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."

**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# GEEN TYD TE VERKWIS MET ONTWIKKELING VAN BANTOE-GEBIEDE

**„Die tyd en omstandighede eis dat daar met positiewe optrede in verband met ons naturellebeleid begin moet word. Langs die weg soos ek aangedui het kan so 'n begin sonder moeilikheid gemaak word. Vertraging in die uitvoering van hierdie planne sal nie slegs die naturelle bevolking raak nie, maar die blanke bevolking belas met die verwyt dat hy sy plig as voog en Christen skromelik verwaarloos het," het mnr. N. J. J. Olivier aan die einde van sy lesing gesê by geleentheid van die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Naturelle-aangeleenthede.**

Mnr. Olivier, wat dit gehad het oor 'n positiewe naturellebeleid, het twee aspekte van die vraagstuk behandel: Die voorsiening van die nodige grondgebied, en die omskepping van hierdie gebied tot nasionale tuistes vir die Bantoevolksgemeenskappe.

Die naturellebevolking van die Unie word op 7½ miljoen gestel, van wie 3,106,000 in die naturellegebiede woonagtig is, 2,905,380 op die „blanke" platteland en 1,794,000 in stedelike gebiede. Van laasgenoemde groep is 'n baie groot deel naturelle wat van buite die Unie afkomstig is, sodat aangeneem kan word dat ongeveer die helfte van die gevestigde naturellebevolking die naturellegebiede as tuiste het. As ons van 'n nasionale tuiste vir die Bantoe wil praat, dan moet dit inderdaad 'n nasionale tuiste vir al die Bantoe wees, so nie sal die res uiteindelik volledig in die blanke ekonomiese en politieke struktuur opgeneem word.

### LANK GELEDE

Reeds in 1913 is deur die wet 'n oppervlakte van ongeveer 10½ miljoen morge grond afgesonder vir naturelle-reserwes, en kragtens die wet van 1936 is 'n verdere 7¼ miljoen morge bestem om uiteindelik naturellegebied te word. Ongelukkig is die aankopingsproses deur die oorlog onderbreek — iets wat as een van die grootste tragedies beskou kan word. Nou reeds ná dertien jaar, moet nog meer as 3½ miljoen morge aangekoop word, en intussen het, soos met enige saak waarmee onnodig gedraal word, stemme begin opgaan teen die volledige uitvoering van die beleid. Daar word verklaar dat die naturelle die grond op skreiende wyse verniel het en dat dit misdadig sou wees om nog meer grond aan hul vernieling bloot te stel.

### NIE NOODWENDIG

**Spr. wil die gewig van die argument nie in twyfel trek nie, maar wil vra of die uitvoering van die 1936-beleid noodwendig hierdie nadelige gevolge moet meebring.** Die taak was indertyd aan 'n Trust opgedra om die grond te koop en te besit en dit te bestuur in belang van die naturelle. **Die Trust behoort dus voort te gaan met die aankoop van die grond en dit desnoods met behulp van naturellearbeid doeltreffend te bewerk.** Indien hy self nie daarvoor kans sien nie, moet hy dit vir bepaalde tydperke en onderhewig aan bepaalde voorwaardes aan blankes verhuur.

### VRUGBAAR

Daar sal dan uiteindelik ongeveer 18 miljoen morge grond vir die naturellebevolking beskikbaar wees of nagenoeg 13 persent van die oppervlakte van die Unie. Hierdie dele is egter veel meer waterryk. **Van 89 distrikte in die naturellegebied is daar byvoorbeeld slegs 5 wat 'n reënval van minder as 20 duim per jaar het, terwyl die gemiddelde reënval van die Unie maar 17½ duim is. Die noordwestelike deel van Kaapland, wat net so groot is as die beoogde naturellegebied, se gemiddelde reënval is selfs minder as 10 duim per jaar. Die blanke gebiede vergelyk dus in meer as een opsig baie ongunstig met dié van die naturelle.**

### PROTEKTORATE

Indien die drie Britse Hoë-kommissarisgebiede en Suidwes-Afrika by die Unie ingelyf word met behoud van die naturellereserwes, sal die netto-resultaat wees dat ongeveer twee-vyfdes van die grondgebied in Suid-Afrika in die hande van die Bantoe sal wees. Maar aangesien die Britse regering die spoedige oordrag van hierdie gebiede seker nie oorweeg nie, is die enigste alternatief dat ons ons eie naturellegebiede met alle middele tot ons beskikking op ambisieuse wyse ontwikkel, **en as ons daarin kan slaag, sal die Hoëkommisarisgebiede moeilik nog buite die Unie kan en wil bly.**

„Ek wil hiermee nie te kenne gee dat die huidige grondreëling in Suid-Afrika as volstrek onveranderbaar aanvaar moet word nie, en ook nie dat die ligging van die huidige naturellegebiede met die verwesenliking van ons ideaal versoen kan word nie. Alleen tyd en deskundige ondersoek sal hierop die finale antwoord gee. En in 'n baie groot mate sal daardie antwoord beïnvloed word deur die wyse waarop en die mate waartoe die Unie se naturellegebiede ontwikkel kan word."

### SWAK BOERE

In verband met die ontwikkeling van die naturellegebiede is daar die volgende feite vandag waarmee rekening gehou moet word:

Die naturelle in die reserwes hou hulle feitlik geheel en al met die landbou besig. Vanweë hul primitiewe landboumetodes en die beperkte grond tot hul beskikking, kan hierdie naturelle beswaarlik 'n bestaan maak, en verlaat groot getalle vir korter of langer tydperke die reserwes ten einde hul inkomste aan te vul of elders 'n heenkome te vind.

**Die naturel is 'n swak landbouer en sy gebrek aan kennis en sy opvattinge in verband met grondvrugbaarheid en die funksie van beeste het meegebring dat die naturellegebiede op groot skaal verniel en uitgeput geraak het, met die gevolg dat hierdie gebiede vir steeds minder en minder naturelle 'n heenkome kan bied.** Slegs rewolusionêre optrede en beplanning kan voorkom dat die reserwes „langafstand-lokasies en reserwes van ons stedelike gebiede" word.

### UITGANGSPUNT

**As algemene uitgangspunt in verband met die ontwikkelingsplan vir die naturellegebiede moet aanvaar word dat slegs 'n deel van die naturelle in die gebiede uit die landbou 'n bestaan kan maak, en dit vir die ander — en waarskynlik die meerderheid — ander voorsiening gemaak moet word.** Die veestapels sal drasties verminder moet word, en dit is juis die moeilikheid dat die naturelle onwilig is om op hierdie gebied saam te werk. **Aan die ander kant word die vraagstuk makliker gemaak deur dat dit wil voorkom asof 'n baie groot deel**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**van die naturelle self geen vee besit nie. Inderdaad is dit die toestand dat 'n klein klompie veebesitters die bestaansmoontlikhede van die oorgrote massa ernstig aan bande lê. Volgens die Sosiale en Ekonomiese Planneraad besit 30 tot 35 persent van die belastingbetalers in die twee Ciskeise distrikte geen beeste nie; terwyl 44 persent van die gesinne in die Transkei hoegenaamd geen beeste besit nie, en net 36 persent meer as 5 stuks besit. In laasgenoemde gebied het 47 persent van die gesinne nòg skape nòg bokke. In een distrik wat as 'n goeie gemiddelde beskou is, is bevind dat drie uit 'n duisend vee-eienaars 70 persent van die skape en 50 persent van die beeste besit. Klaarblyklik besit duisende gesinne in die reserwes nie alleen geen grond nie, maar ook geen vee nie.**

Ons huidige beleid, so wil dit voorkom, begunstig dus 'n betreklik klein groepie naturelle ten koste van die gemeenskap as geheel. (Die res van die referaat, wat die positiewe maatreëls behandel vir die ontwikkeling van die gebiede, verskyn in 'n volgende uitgawe van ons blad.)

## SABRA-STUDIES

**'n Reeks belangrike referate is op die onlangs gehoue jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede in Kaapstad gelewer. Aangesien die Buro se beleidsrigting ten opsigte van die naturellevraagstuk ooreenstem met dié van die Ossewabrandwag, word O.B.-lede versoek om spesiale aandag te gee aan die inhoud van hierdie referate.**

**Omdat die dagbladpers weens die parlementêre woordevloed weinig ruimte beskikbaar gehad het vir hierdie referate, sal Die O.B. elke week 'n opsomming van een of 'n gedeelte van een bevat.**

# VERRASSINGS IN DUITSLAND

**Van 1 tot 8 Februarie het daar vir die eerstemaal 'n groepie studente van verskillende Suid-Afrikaanse universiteite 'n besoek aan Wes-Duitsland gebring onder uitnodiging van die Verband Deutscher Eisenhüttenleute Düsseldorf wat — self as gaste in Parys — hierdie studente toevallig daar ontmoet het. Ons korrespondent gee 'n beskrywing van hoe en waar hy ons studente in Duitsland ontmoet het. Die feit dat hy hom toelê op die aanleer van Afrikaans, maar nog nooit Afrikaans gehoor praat het nie, maak sy ondervinding besonder interessant.**

Dit was ongeveer sewe-uur die aand dat ek met my klein Fiat agter 'n groot motorbus tot stilstand gekom het voor 'n houtbrug vlak by Stuttgart. Ek stap 'n endjie uit om my voete te probeer warm loop, toe ek plotseling iemand wat deur die raampie van die bus kyk, hoor vra: „is ons al daar?" — Afrikaners! My hart het so vinnig begin klop dat ek daarvan warm geword het, maar toe word ek deur 'n konstabel beveel om aan te ry. Ek wou die geleentheid om met Afrikaners in aanraking te kom, nie deur die vingers laat glip nie, en gly dus agter die bus op 'n ysspieël tussen München en Stuttgart aan sonder te weet waar die reis heengaan. Eensklaps het die bus voor my tot stilstand gekom. Ons was midde in 'n bos en wel voor 'n klein boerekafeetjie. Ek het gewag totdat die hele geselskap binne was, en my toe ewe doodluiters by hulle voeg. Daar was ook Duitse studente.

### VERRAS

Die musiek het gespeel en glasies wyn is gedrink, maar veel meer oor en weer vrae gestel. Hoe is dit aan julle universiteite? Vyf-en-sestig persent Afrikaanssprekend? Dit het ons nie geweet nie.

„U verstaan Afrikaans?" Die vreugde van die student langs my aan die tafel het duidelik uit sy donker oë gestraal. „In Duitsland," sê hy, „kom jy steeds voor nuwe verrassings te staan. Of vind jy dit nie 'n verrassing om in die middel van 'n bos in Suid-Duitsland plotseling in Afrikaans aangespreek te word nie? Waar het jy dit geleer? Waar studeer jy op die oomblik?"

Sou ek hom nou meedeel dat ek geen student is nie maar sonder uitnodiging as verslaggewer agter hulle aangedraf het? 'n Verslaggewer is nie altyd welkom nie. Dus het ons maar voort gebabbel oor alles behalwe oor die feit dat ek 'n beriggie aan 'n Kaapstadse koerant gaan stuur oor my eerste ontmoeting met Afrikaners.

### SAL HERSTEL

Een van die studente het gewag gemaak van die gasvryheid waarmee hulle in Duitsland ontvang is, en bygevoeg dat dit moeilik was om 'n denkbeeld vooraf te vorm van hoe 'n land na al die verskriklike bombardering sou lyk. Die jongman langs my het diep in gedagte geswyg, en toe na 'n rukkie gesê: „Nou dat ek dit gesien het, weet ek ook hoe die wêreld daar kan uitsien."

„U het vanmiddag 'n besoek aan die groot industriewerke hier in die buurt gebring?" Vra ek hom.

**„Ja, dit was buitengewoon interessant, en die indruk wat ek daarvan het, is dat ek oortuig is dat die mense hier ten spyte van al die moeilikhede waarmee hulle te kamp het, weer sal opkom. Ons besoek was wel kort, maar nie te kort om dit te kan begryp nie."** — (Korr. in Duitsland)).

# DUITSERS MAG NIE TERUGKEER

**Vyfhonderd Duitse wetenskaplikes wat sedert die einde van die oorlog in die Verenigde State navorsing na nuwe wapens doen, ken tans so baie Amerikaanse wapengeheime dat die regering bang is om hulle terug te stuur, het 'n hooggeplaaste regeringsamptenaar verklaar.**

Die kontrakte van die Duitse wetenskaplikes is tans verstreke. Hulle het aan spuitmotore, vuurpyle, duikbote en dies meer gewerk, maar het nie toegang tot die atoomfabrieke gehad nie.

In die verslag word verklaar: „Hulle weet meer as ons generaals en admiraals. Die Russe weet hoe om mense te laat praat."

Die regering probeer om die wetenskaplikes te oorreed om in die land te bly en poginge word aangewend om vir hulle werk aan universiteite en kolleges te kry.

Die Amerikaanse leër bereken dat die Duitse wetenskaplikes die Amerikaanse regering duisend miljoen dollar aan navorsingsuitgawe bespaar het.

Die Duitse wetenskaplikes verteenwoordig alle terreine van die moderne navorsing en ontwikkeling, met inbegrip van kernfisika. Onder hulle is die voormalige direkteur van Hitler se gerigte projektiel-onderneming, V2-deskundiges, navorsingsdirekteure van Zeiss en die Junker-fabrieke, vooraanstaande valskermdeskundiges en lugwerktuigkundiges.

TE LAAT VIR KLASSIFIKASIE

**IN MEMORIUM**

**UYS.**—Deur al die dae van eensame verlange, verlang ons vandag nog meer na u. 22 Februarie, hoe het ons nie altyd op hierdie dag, eerste in die môre, moeder altyd gelukgewens nie.
Waar ons dit nou nie meer kan doen nie, lê ons vandag ons kransie van hulde en vergeet-my-nietjies op u graf. Tot wedersiens liefste moeder.

Hendrik en Nicolaas.

Slangrivier, Heidelberg, Kaap.

22/2/1

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD